

13 Mei

Skrifgedeelte: Psalm 108

Jubel en smeeek! Smeek en jubel!

Hoe wonderlik is God se Woord nie! Dis geskryf in woorde, begrippe en emosies wat ons kan verstaan en self beleef. Wie van ons kan nie vandag nog met hierdie geloofsbelewenis van Dawid identifiseer nie?

Daagliks het ons duisende dinge waarvoor ons die Here kan loof en prys. Raak net vir 'n oomblik stil en dink aan dit wat God elke dag in jou lewe doen! Dis egter veral as ons dink aan dit wat God in Jesus Christus vir ons kom doen het, dat ons nie anders kan as om saam met Dawid uit te roep nie: Ek voel weer veilig, o God, ek wil 'n lied sing, ja ek wil sing ... u liefde reik tot in die hemel, u trou tot in die wolke! (vs 2-5). Waar wil ons God se trou duideliker sien as in die kruisgebeure? In die feit dat Hy sy eie Seun stuur om in ons plek te sterf? Dit terwyl ons sondaars was (Rom 5:6-8).

En tog is daar die ander deel van ons belewenis as gelowiges. Die onsekerheid oor ons land. Die geweld waarvan ons elke dag bewus is en soms persoonlik beleef. Dalk 'n siektetoestand. Die aanslae van die bose magte op onself, ons kinders, ons huwelike, ons gesinslewe. Hierdie belewenis laat 'n eers jubelende Dawid uitroep en smeeek: U het ons verstoot, o God ... Help U ons tog teen die vyand, want die hulp van mense is niks!

Ons lewe hier en nou is 'n lewe van jubel en smeeek in dieselfde asem. Jubel oor die Here se trou en liefde. Smeek op grond van sy trou en liefde. As Dawid smeeek, bly hy vashou aan die Here se trou en almag. Al die stede en stamme in die beloofde land (vs 8-9), maar ook die vyandige stede en stamme rondom hulle (vs 10), is onder God se beheer. Dit laat hom aan die einde weer jubel: Met God aan ons kant sal ons oorwin (vs 14).

Hoe lewe 'n gelowige? Hy/sy jubel in die Here se trou en liefde! Hy/sy smeeek sy/haar hart uit voor God oor al die seer en stukkend, met die wete dat elke smeking op God se tyd sal verander in 'n jubelsang. Jubel en smeeek en smeeek en jubel in die Here.

Sing: Psalm 34:1, 2 (Totius)

Ds TF Dreyer (Randburg)